DIE WET: DIE OU VERBOND

Wet en godsdienstigheid in een kategorie ---> God se genade in die ander kategorie.

Om die "Wet" te bespreek en die onderskeid in die Woord te tref, is dit belangrik om herinner te word aan die volgende woorde….

2 Tim 2:15 Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, ***wat die woord van die waarheid reg sny***.

Die mens is life daarvoor om terug te val op die wet en op godsdienstigheid.

Sulke mense pas egter net ***sekere*** dele van die wet vandag toe en ander nie?

DIE WET VAN MOSES WAS IN 3 DELE VERDEEL (*om dit makliker te verstaan en ontleed*):

- **Siviele wette**
  - Hoe om Israel te regeer
- **Seremoniele wette**
  - Rituele
  - Offers
- **Morele wette**
  - 10 Gebooie
  - Hoe om te leef

Omdat morele wette wel van toepassing op alledaagse lewe, voel mense dat Die Wet en die 10 gebooie net so toegepas moet word vandag nog. Die gevaar aan die argument, is dat alle dele van die 10 Gebooie dan gevolg moet word (Ex 20), wat die Sabbat insluit.

Tog waarsku Paulus ons:

Gal 4:9-11 maar nou dat julle God ken, of liewer deur God geken is, ***hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels*** wat julle weer van voor af aan wil dien? ***Julle neem dae en en maande en tye en jare waar. Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het.***

VIR WIE IS DIE WET GEGEE?

Exo 19:3 Maar Moses het opgeklim na God toe, en die HERE het hom van die berg af toegeroep en gesê: So moet jy aan die ***huis van Jakob*** sê en aan die ***kinders van Israel*** verkondig:

Exo 34:27 Verder het die HERE vir Moses gesê: Skrywe vir jou hierdie woorde op, want volgens hierdie woorde **het Ek** 'n verbond gesluit met **jou** en met **Israel**.

Wet is gegee vir Moses en Israel !!

Ons is NIE die geestelike Israel nie !!

WETTISME IN DIE VROEE KERK:-

Hand 15 – Farisiers het 'n probleem gehad met Jode wat tot bekering kom.

Hulle (*gelowiges uit die Fariseers*) het steeds bekeerlinge verplig hulle te laat besny, omdat die wet dit vereis. (Hand 5:15 en 24)

Apostels het nog nie "genade" en Vryheid in Christus reg verstaan nie en n "***groot woorde wisseling het plaas gevind***" (Hand 15:7)

Daar was onkunde in die vroee jare van die evangelie.

Petrus het steeds sekere gebruike onderhou om nie aanstoot te gee aan die Jode nie, Paulus het as volg reageer:-

Gal 2:11 – Maar toe Petrus in Antiochíë gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, ***omdat hy veroordeeld gestaan*** het.

Paulus het genade en Vryheid verstaan en daarin gewandel !!

Petrus en die ander apostels het ook in Vryheid begin wandel. Toe ander wettiese christene egter bykom – het Petrus weer wetties geraak en Paulus spreek hom aan:-

v.14 – Maar toe ek sien dat hulle ***nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie***, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe?

Paulus het nooit n probleem gehad of nodig gehad om mense terreg te wys oor genade nie – maar baie gespreek oor wettisme.

Mense het altyd terug geval in wettisme

OORWEEG DIE VOLGENDE BEELD UIT DIE BYBEL:-

Gen 2:9 – Daar is 'n boom van kennis van goed en kwaad

Reg aan die begin van die skepping het God mens n keuse gegee tussen 2 bome.

Mens kies die boom van kennis – waarvan hy verbied was om deel te hê !! …en die mens vermy "Die Lewe"

In Deut 28 lees ons as volg: – ek wys vir julle "Lewe" en "Dood" – kies dus lewe, sodat julle kan lewe.

Dit is altyd God se begeerte dat ons die LEWE kies.

Daar is altyd 2 bome in jou lewe:

- Kennis van goed en kwaad
- Lewe

Die Wet is kennis

Christus is lewe

As jy argumenteer oor kennis vraagstukke – staan ek by verkeerde boom – kennis

As ons ridineer oor allerhande kennis

- Drink
- Sondag
- Dans
- Staan ek by verkeerde boom!!

PAULUS NOEM DIE WET

- "die bediening wat veroordeel" (2Kor 3:9)
- & "die bediening van die dood" (2Kor 3:7)

2 Kor 5:18 Hier praat Paulus van Christus as die ***bediening van versoening***

Wet redineer – goed/sleg - reg/verkeerd

Genade verstaan dat dit n kwessie is van volwassenheid

Wettiese mense **veroordeel** – maar help nie ons om **Christus** te ken nie.

"Genade" verstaan dat almal tyd nodig het…

1 Kor 8:7 – die kennis is nie in almal nie – volwassenheid (nie dom nie)

PAULUS SE VOORBEELD:-

Voedsel bring ons nie nader aan God !!

1Co 8:9 Maar pas op dat hierdie vryheid van julle nie miskien 'n struikelblok word vir die wat swak is nie.
1Co 8:10 Want as iemand jou wat kennis het, aan tafel sien in 'n afgodstempel, sal sy gewete, as hy 'n swak man is, nie aangemoedig word om van die offervleis aan die afgode te eet nie?
1Co 8:11 En moet die swakke broeder vir wie Christus gesterf het, verlore gaan deur jou kennis?
1Co 8:12 Maar deur so teen die broeders te sondig en hulle gewete wat swak is, seer te maak, sondig julle teen Christus

Ek mag nie ander aanstoot gee of tot 'n val bring nie.

Liefde sal vereis dat ek ***die ander in ag neem*** – wettisme sal my die "reg" gee om te veroordeel !!

ONTHOU:-

Gal 2 – as jy een wet verbreek, is jy skuldig aan alle wette.

Col 2:20 As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? — almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan—volgens die gebooie en leringe van mense, wat, alhoewel dit 'n ***skyn van wysheid*** het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, ***geen waarde het nie***, maar strek tot ***versadiging van die vlees***. (*die EIE ek*)

WAARSKUWING:-

Gal 5:4 – Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval.

Joh 15:6 – as iemand nie in **My** bly nie, word hy uit gewerp (*die Wet gee NIE Lewe nie*)

Joh 10: 27-28 – My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle ***volg My***. En Ek gee hulle die ewige lewe

1 Joh 5:12 Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.